

Juweel van 'n deken met kroonblaarmotiewe en bypassende kussings

BENODIGDEHEDE

Deken (enkelgrootte): Pingouin Classic Crylor, 36 bolle van 50 g, kleur A (roomkleur) en 24 bolle van 50 g, kleur B (koffiekleur). Indien 'n groter deken gemaak word, vir 9 motiewe word ongeveer 6 bolle van 50 g in roomkleur en 5 bolle van 50 g in koffiekleur benodig, plus klein hoeveelheid vir fraiings.

Vir **dubbelbeddeken** word ongeveer 88 motiewe benodig (d.w.s. 8 motiewe by 11 motiewe).

Vir elke **kussing**: 4 bolle van 50 g van dieselfde draad in één kleur (ons het A vir een kussing en B vir die ander kussing gebruik); 3,50-mm-hekelpen; ronde kussing, ongeveer 40 cm in deursnee.

MATE

Deken: ongeveer 140 cm wyd en 251 cm lank, fraiings uitgesluit.

Kussing: ongeveer 41 cm in deursnee.

SPANNING

Een motief is ongeveer 28 cm in die vierkant.

AFKORTINGS

ks — kettingsteek; kb — kortbeen; hlb — halwe langbeen; lb — langbeen; glst — glipsteek; sp(s) — spasië(s); herh — herhaal; verm — vermeerder; RK — regte kant; beg — begin; vlg — volgende.

MOTIEF VIR DEKEN

Met pen en A maak 6 ks en heg met glst vas in 1e ks om ring te vorm.

1e Rondte: 6 ks, (1 lb, 3 ks in ring) 5 keer, glst in 3e van 1e 6 ks.

2e Rondte: glst in 1e sp, (1 kb, 1 hlb, 3 lb, 1 hlb, 1 kb) in dieselfde sp, * in vlg 3 ks-sp werk 1 kb, 1 hlb, 3 lb, 1 hlb, 1 kb, herh vanaf *, eindig met glst in sp aan einde van laaste blaar.

3e Rondte: 6 ks, (1 kb in vlg lb van 1e rondte, steek pen van agter af in blaar, 5 ks) 5 keer, 1 kb in laaste lb van 1e rondte.

4e Rondte: in elke 5 ks-sp werk (1 kb, 1 hlb, 4 lb, 1 hlb, 1 kb), eindig met glst in sp aan einde van laaste blaar.

5e Rondte: 7 ks, (1 kb in vlg kb van 3e rondte, steek pen in vanaf agterkant van blaar, 6 ks) 5 keer, 1 kb in laaste kb van 3e rondte.

6e Rondte: in elke 6 ks-sp werk (1 kb, 1 hlb, 5 lb, 1 hlb, 1 kb), eindig met glst in sp aan einde van laaste blaar.

7e Rondte: 8 ks, (1 kb in vlg kb van 5e rondte, steek pen in vanaf agterkant van

blaar, 7 ks) 5 keer, 1 kb in laaste kb van 5e rondte.

8e Rondte: in elke 7 ks-sp werk (1 kb, 1 hlb, 6 lb, 1 hlb, 1 kb), eindig met glst in sp aan einde van laaste blaar.

9e Rondte: 9 ks, (1 kb in vlg kb van 7e rondte, steek pen in vanaf agterkant van blaar, 8 ks), 5 keer, 1 kb in laaste kb van 7e rondte.

10e Rondte: in elke 8 ks-sp werk (1 kb, 1 hlb, 7 lb, 1 hlb, 1 kb), eindig met glst in sp aan einde van laaste blaar.

Heg A af en heg B aan.

11e Rondte: 10 ks, (1 kb in vlg kb van 9e rondte, steek pen in vanaf agterkant van blaar, 9 ks), 5 keer, 1 kb in laaste kb van 9e rondte.

12e Rondte: 3 ks in 1e 9 ks-sp en 9 lb in dieselfde sp, werk 10 lb in elk van die vlg 9 ks-sps, glst in 3e van 3 ks.

13e Rondte: 6 ks vir 1 lb en 3 ks, 2 lb in dieselfde plek as glst, * 1 lb in elk van die vlg 14 lb, (2 lb, 3 ks, 2 lb) in vlg lb, herh vanaf * nog 2 keer, 1 lb in elk van die vlg 14 lb, 1 lb in dieselfde plek as glst, glst in 3e van 6 ks.

14e Rondte: glst in 3 ks-sp, 6 ks, 2 lb in dieselfde sp, 1 lb in elke lb tot by vlg 3 ks-sp, * (2 lb, 3 ks, 2 lb) in dieselfde 3 ks-sp, 1 lb in elke lb tot by vlg 3 ks-sp, herh vanaf * rondom, 1 lb in laaste sp, glst in 3e van 6 ks.

15e Rondte: Herh 14e rondte nog 1 keer.

16e Rondte: 6 ks, 2 lb in dieselfde sp, 2 ks, * (slaan 2 lb oor, 1 lb in vlg lb, 2 ks) herh tot by vlg hoek, (2 lb, 3 ks, 2 lb) in hoek-sp, 2 ks, herh vanaf * rondom, 1 lb in laaste hoek, glst in 3e ks van 6 ks, glst in 3 ks-sp.

17e Rondte: 6 ks, 2 lb in dieselfde 3 ks-sp, (1 lb in elke lb, 2 lb in elke 2 ks-sp) tot by vlg hoek, * (2 lb, 3 ks, 2 lb) in hoek-sp, (1 lb in elke lb, 2 lb in elke 2 ks-sp) tot by vlg hoek, herh vanaf * rondom, 1 lb in laaste hoek, glst in 3e ks van 6 ks, glst in 3 ks-sp.

Heg B af en heg A aan.
Werk 14e rondte nog 2 keer. Heg af.
Maak nog 44 motiewe op dieselfde wyse.

AFWERKING

Met A en RK tesame, glst motiewe tesaam in stroke van 9 motiewe, glst dan die stroke tesaam. (Indien verkies word, kan die motiewe aanmekeer vasgewerk word.)

FRAIINGS

Met RK van werk na voor, heg A vas aan

bokant van een kant van deken en werk 50 ks, glst in dieselfde sp, * 50 ks, slaan 1 lb oor, 1 glst in vlg lb, herh vanaf * teen die twee kante en onderste rand. Hou een rand oop vir bokant. Heg af.

KUSSINGS

VOORKANT

Werk soos aangedui word vir deken tot 10e rondte voltooi is (5 rondtes blare). Gaan voort op dié wyse en herh die 9e en 10e rondtes, maar voeg 1 ks by op elke herh van 9e rondte en verm 1 lb op elke herh van 10e rondte tot 12 rondtes blare gewerk is. Laaste (24e) rondte word soos volg gehekel: in elke sp werk (1 kb, 1 hlb, 14 lb, 1 hlb, 1 kb), eindig met glst in sp aan einde van laaste blaar.

25e Rondte: 13 ks, (1 kb, 1 kb in vlg kb van 23e rondte, 12 ks) 5 keer, glst in 1e van 13 ks.

26e Rondte: 3 ks vir 1 lb, 11 lb in vlg sp, (12 lb in vlg sp) 5 keer, glst in 3e van 3 ks aan beg van rondte — 72 lb.

27e Rondte: 3 ks, 1 lb in dieselfde sp as glst, (1 lb in elk van vlg 5 lb, 2 lb in vlg lb) 11 keer, 1 lb in elk van vlg 5 lb, glst in 3e van 3 ks — 84 lb.

Gaan voort met verm in elke rondte deur 1 lb in elke lb te werk en 2 lb tussen die 2 lb van vorige rondte tot 10 rondtes gewerk is. Heg af.

AGTERKANT

Met A, maak 6 ks en heg met glst vas om 'n ring te vorm.

1e Rondte: 3 ks vir 1 lb, 11 lb in ring, heg met glst vas in 3e van 3 ks.

2e Rondte: 3 ks, 1 lb in dieselfde sp as glst, (2 lb in vlg lb) 11 keer, heg met glst vas in 3e van 3 ks — 24 lb.

3e Rondte: 3 ks, 1 lb in dieselfde sp as glst, (1 lb in vlg lb, 2 lb in vlg lb) 11 keer, 1 lb in elk van die vlg 3 ks — 36 lb.

4e Rondte: 3 ks, 1 lb in dieselfde sp as glst, (1 lb in elk van vlg 2 lb, 2 lb in sp tussen 2 lb van vorige rondte) 11 keer, 1 lb in elk van vlg 2 lb, glst in 3e van 3 ks — 48 lb.

Gaan voort in rondtes, werk 2 lb tussen 2 lb van vorige rondte tot 15 rondtes gewerk is.

AFWERKING

Met regte kant van kussingootrek na buite, heg draad vas en werk 1 rondte kb rondom buitenste rand, maar steek kussing in posisie wanneer ongeveer helfte van rand vasgewerk is, voltooi dan rondte en maak verder toe.

